

Van baksteen tot medalje



Johan Roos


Johan Roos agtergrond

Johan Roos, 'n 80 jarige van Bellville, is onlangs gekies om Suid-Afrika te verteenwoordig by die Wêreld-Oorplantingspele in Engeland. Hy het deelgeneem in die afdeling vir mense van ouer as 80 wat al orgaanoorplantings ondergaan het.

Ongeveer 20 jaar gelede, op die ouderdom van 60 jaar, het Johan twee hartaanvalle gehad. Omdat hy nie 'n mediese fonds gehad het nie, is hy na die Grootte Schuur hospitaal in Kaapstad oorgeplaas. Daar het hulle vir hom die slegte nuus gegee dat indien hy nie vinnig 'n hartoorplanting kry nie, hy net 11 maande oor het om te leef. Intussen het sy hart twee keer gaan staan en moes hulle hom weer met 'n elektriese skok aan die lewe kry.



Hartoorplanting




Johan Roos kry 'n nuwe hart

Op 7 November 1999, het Johan Roos wakker geword met 'n splinternuwe hart. Hy het besef dat die Here hom nog 'n kans op lewe gegee het en dat hy dit ten volle moet uitleef. Ongelukkig is sy vrou in 2009 dood aan kanker en drie jaar later het hy al sy geld in 'n piramideskema verloor.



Goeie en slegte ervarings



Johan Roos - atleet of nie?


Nadat hy in 2016 weer getroud is, het hy besluit om aan die Wêreldspele vir Orgaanontvangers te gaan deelneem. Johan was nog nooit 'n atleet nie en hy het ook nie geld gehad om 'n nuwe spies of gewig te koop nie. Hy het dus twee dae per week by die Hoërskool Durbanville met 'n besemstok en baksteen begin oefen.



Atleet of nie?



LINKS BO: Krieketbalgool is een van die nommers waaraan Johan gaan deelneem. REGS BO: Johan hardloop altyd eers twee keer om die baan as deel van sy opwarming.



Besemstok en baksteen



Johan Roos kry hulp

Toe hy reg was om vir die spele te kwalifiseer het mense begin fondse insamel om hom te help. 'n Weldoener van Centurion, Gert Kruger, het al die pad Kaap toe gevlieg om vir Johan 'n splinternuwe spies en 'n gewig te koop.



Skenking van weldoener




Gert Kruger
van
Centurion



Johan Roos – Olimpiese Spele

Johan Roos het op Donderdag 22 Augustus 2019, vyf goue medaljes gewen vir Suid-Afrika in gewigstoot, spiesgooi, diskus, balgooi en pétanque. Hy is beslis nie 'n man wat hom laat onderkry deur omstandighede nie en sê die Spele was vir hom 'n ongelooflike ervaring. Die hele wêreld is weereens bewus gemaak van die belangrikheid van orgaanskenking sodat ander mense 'n tweede kans op lewe kan kry.





Vyf goue medaljes!!

